# HOOFSTUK 2

# DIE LEEFWÊRELD VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOLSE KIND

## 2.1 INLEIDING

Milieu-benadeeldheid is 'n wêreldwye verskynsel en kwesbare sosiale groeperinge, wat gekenmerk word deur 'n lae sosio-ekonomiese en kulturele niveau asook 'n geringe sosiale en ekonomiese status, word in bykans alle samelewings aangetref. Benewens die genoemde kenmerke vertoon dié sosiale groeperinge ander gemeenskaplike kenmerke, soos 'n lae onderwyspeil, "minderwaardige" beroepe en werkloosheid, gebrekkige gemeenskaps-betrokkenheid en beperkte potensiaal vir opwaartse sosiale mobiliteit. Weens milieutekorte en psigososiale agterstande word lede van dié groeperinge vasgevang in 'n spiraal van armoede, deprivasie en kultuurverstokenheid, wat optimale selfaktualisering, die verbetering van lewenskanse en die bereiking van 'n bevredigende lewensgehalte belemmer (Pretorius, 1998b:313).

Die milieu-benadeelde persoon (kind) se selfaktualisering word belemmer deur die verarmde, nie-stimulerende milieu waarin hy hom bevind. Sy lewensituasie word gekenmerk deur deprivasie en verwaarlosing en hy word voortdurend blootgestel aan materiële, kulturele en emosionele deprivasie, asook aan verskeie vorme van verwaarlosing, naamlik materiële, sosiale, affektiewe, taal-, opvoedings-, en kultuur-opvoedkundige verwaarlosing. Op grond hiervan is dit duidelik dat die milieu-benadeelde kind se opvoeding, onderwys, sosialisering en selfaktualisering deur milieu-faktore gestrem en belemmer word (Roberts, 1994:70; Pretorius, 1987:348-349).

Milieu-benadeeldheid kan hoofsaaklik toegeskryf word aan armoede en/of kulturele andersoortigheid. Die milieu-benadeelde persoon bou 'n kulturele agterstand op as gevolg van sy kulturele agtergrond, aangesien dit hom nie van die ervaringe voorsien wat nodig is om aan die eise van die samelewing te voldoen nie. Ook die milieu-benadeelde kind is, op grond van kulturele gedepriveerdheid en/of kulturele andersoortigheid, nie in staat om toereikend te funksioneer in die dominante kultuur van die samelewing nie. Hy openbaar in dié verband verskeie tekorte en agterstande, wat nie slegs die moontlikheid van toereikende funksionering belemmer nie, maar ook daartoe lei dat die kind nie optimaal kan baat by die onderwysgeleenthede wat aan hom gebied word nie en sy kans om sukses te behaal op skool sodoende verskraal (Roberts, 1994:70; Pretorius, 1987:349).

Kenmerkende tekorte en agterstande wat dikwels by milieu-benadeelde kinders gevind word, sluit onder andere in: taalagterstande, ervaringstekorte, sosiaal-affektiewe agterstande, kognitiewe agterstande, fisiese tekorte, skool-kwesbaarheid en die ontoereikende vervulling van behoeftes. Hierdie tekorte en agterstande is reeds by die milieu-benadeelde voorskoolse kind merkbaar, wat met skooltoetrede gewoonlik reeds taaltekorte (in vergelyking met die dominante kultuur), fisiese agterstande, kognitiewe agterstande, normatiewe agterstande en 'n gebrek aan skoolgereedmakende ervaringe toon (Roberts, 1994:70; Pretorius, 1987:348). Dit lei daartoe dat hierdie kind by skooltoetrede nog nie skoolgereed is of in staat is om die eise van die skool, wat afgespits is op die dominante kultuur, te hanteer nie.

Lambinon (1987:28) beklemtoon die belangrikheid van die kleuterjare en meld dat die basis vir toekomstige leer- en skoolgereedwording tydens hierdie belangrike fase gelê word. Die voorskoolse kind is aangewese op die liefdevolle begeleiding van sy ouers, nie slegs op sy weg na volwassenheid nie, maar ook vir die bereiking van leer- en skoolgereedheid. Harman en Brim (1980:33) sluit

hierby aan en beskou die effek van die vroeë kinderjare as onuitwisbaar en as 'n bepalende faktor vir verdere (toereikende) ontwikkeling en gedragspatrone.

Sonder die toegewyde steun van sy ouers sal die kleuter nie gereed wees om in graad een aan die eise van formele onderrig te voldoen nie. Dit is derhalwe die opvoedingsopgawe van enige ouer om sy voorskoolse kind tot toereikende taalverwerwing, intelligensie-aktualisering, liggaamsontwikkeling en sinvolle gedrag te begelei. Alhoewel kinders oor bepaalde moontlikhede beskik, moet hulle deur die ondersteuning van die opvoeders tot verwerkliking van hulle potensiaal kom (De Witt & Booysen, 1995:127; Lambinon, 1987:85-86).

Die voorskoolse kind in die milieu-benadeelde situasie ontvang egter dikwels nie die nodige begeleiding en liefdevolle ondersteuning van sy ouers nie, wat resulteer in nie-skoolgereedheid en 'n onvermoë om die eise, wat in die skool aan hom gestel word, effektief te hanteer. Op grond van die bekende feit dat ervaringe tydens die kleuterjare 'n betekenisvolle invloed uitoefen op die totale verdere verloop van die individu se lewe, volg dit dat milieu-benadeeldheid reeds in die voorskoolse jare 'n bepaalde negatiewe invloed uitoefen op die ontwikkeling en funksionering van die individu - nie slegs in die voorskoolse tydperk nie, maar ook gedurende die res van sy lewe.

Die problematiek van milieu-benadeeldheid is tans baie relevant en aktueel, ook in Suid-Afrika. Daar kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat 'n gedeelte van die blanke kinderbevolking en die grootste gedeelte van die gekleurde bevolking (Swartmense, Kleurlinge en Indiërs) in Suid-Afrika as milieu-benadeeld beskou kan word, gedagtig daaraan dat hulle kulture radikaal van die kulturele hoofstroom verskil. Die feit dat die oorgrote meerderheid van die bevolking van ons land milieu-benadeeld is, maak daarvan 'n relevante en aktuele verskynsel, waarvan die opheffing dringende aandag verg (Meintjes, 1990:4; Pretorius, 1987:348).

In die onderhawige hoofstuk val die fokus op die verskynsel milieu-benadeeldheid en meer spesifiek op die leefwêreld van die milieu-benadeelde voorskoolse kind. Daar word gepoog om 'n globale beeld te verkry van die leefwêreld waarin die milieu-benadeelde voorskoolse kind hom daagliks bevind, ten einde die omgewing waarbinne hy ontwikkel en funksioneer, te skets. Die omgewing, gesinsituasie en algemene kenmerke van die milieu-benadeelde voorskoolse kind word vervolgens beskryf.

## 2.2 DIE OMGEWING VAN DIE MILIEU-BENADEELDE GESIN

Milieu-benadeelde gesinne kom op die platteland sowel as in stedelike gebiede voor. In 'n stadsgebied is die milieu-benadeelde gesin meestal woonagtig in die sogenaamde agterbuurt of misdadigeromgewing. Dit is dikwels 'n ou buurt, wat deur skakelhuise gekenmerk word. Hierdie woonbuurte is gewoonlik veral in digbevolkte industriële gebiede geleë. In plattelandse gebiede is milieu-benadeelde gesinne grootliks in geïsoleerde en/of agtergeblewe gebiede woonagtig (Pretorius, 1998b:317; Booyse, 1994:126).

Die woonomgewing waarin die milieu-benadeelde gesin hom bevind, is gewoonlik verwaarloos en onaantreklik. Die buurt word gekenmerk deur armoede, ontoereikende en oorvol huise, vervalle wooneenhede, lawaai, geweld, misdaad, buite-egtelike seksualiteit, dwelmgebruik, alkoholisme, mishandeling en 'n lae sosiale, ekonomiese en kulturele peil. Ouers is dikwels werkloos of leef van die skamele inkomste van 'n enkel-broodwinner of die pensioen van 'n grootouer. Gevolglik word die milieu-benadeelde kind gebore in 'n armoedige omgewing, waarin hy opgroei en magteloos moet toekyk hoe sy ouers voortdurend sukkel om te oorleef (Pretorius, 1998b:317-318; De Witt & Booysen, 1995:128; Booyse, 1994:126; Atmore, 1993:122; Vorster, 1993:161).

Hierbenewens word die milieu-benadeelde omgewing waarin die (voorskoolse) kind hom bevind dikwels gekenmerk deur 'n gebrek aan voedsame kos, 'n warm

bed en soms selfs lopende water en elektrisiteit. Die gesin het selde geredelik toegang tot 'n dokter of hospitaal/kliniek en ook nie geld vir 'n apteek of tandarts nie. Die gemeenskap word gekenmerk deur ontworteling, verbrokkelde huwelike en geweld. Kinders is ooggetuies van die geweld en soms selfs die slagoffers daarvan. Wanneer ouers by die werk is (indien hulle wel werk), is die kinders meestal alleen tuis, in die sorg van 'n bejaarde familielid of op straat waar hulle hulself moet verdedig. Voorskoolse versorgingsfasiliteite is selde beskikbaar (De Witt & Booysen, 1995:128; Atmore, 1993:122).

Pretorius (1987:48) identifiseer die volgende geografies-fisiese en maatskaplike kenmerke van die milieu-benadeelde woongebied:

- 'n swak, substandaard woonbuurt
- relatief groot getalle immigrante
- talle ou, vervalle eiendomme, oorvolheid en gebrekkige basiese fasiliteite
- 'n bogemiddelde proporsie ongeskoolde en halfgeskoolde arbeiders
- 'n bogemiddelde proporsie gesinne wat staatshulp ontvang
- vergelykenderwys 'n groot getal vaderlose gesinne
- gebrekkige speelruimtes en kulturele en ontspanningsfasiliteite
- swakker gesondheid as die deursnee bevolking
- 'n hoë mate van kinderverwaarlosing, swak skoolbywoning, stokkiesdraai en jeugmisdaad.

Atmore (1993:123) sluit hierby aan en identifiseer die volgende as algemene probleme waarmee milieu-benadeelde gemeenskappe (veral swart gemeenskappe in Suid-Afrika) gewoonlik te kampe het:

- wanvoeding en siektes, wat dikwels in kindersterftes eindig
- hoë misdaadsyfers, waar dié gemeenskappe van die hoogste misdaadsyfers ter wêreld het; misdade soos diefstal, verkragting en moord kom algemeen

voor en persone in hierdie gemeenskappe is gevolglik soms bang om vrylik te beweeg

- gebrek aan voldoende werksgeleenthede, in beide stedelike en landelike gebiede
- swak salarisse, waar 'n groot gedeelte van die gemeenskap minder verdien as wat nodig is om basiese lewenskostes te dek
- gebrek aan behoorlike behuising en fasiliteite in die vorm van informele behuising of selfs plakkerskampe, waar swart gesinne hulle dikwels vestig en wat gekenmerk word deur 'n gebrek aan fasiliteite (soos toilette en waterkrane) en problematiek rondom die handhawing van redelike standaarde van higiëne en gesondheid in dié omstandighede
- jeugmisdaad
- gebrek aan vervoer, veral in landelike gebiede weens groot afstande en die hoë koste van huurmotors
- gebrek aan voldoende behuising en oorvolheid, gekenmerk deur 'n groot aantal persone in een woning, wat noodwendig aanleiding gee tot 'n gebrek aan privaatheid
- ander sosiale probleme wat verband hou met die gebrek aan 'n infrastruktuur, fasiliteite en dienste, soos gesinsverbrokkeling, tienerswangerskappe, verwaarlosing en verwerping van kinders, mishandeling, onkontroleerbare gedrag, nie-betaling van onderhoud, alkoholmisbruik en werkversuim.

Die milieu-benadeelde gesin bevind hom dus in 'n omgewing wat gekenmerk word deur deprivasie en 'n toestand waar gesinslede nie die voorregte van milieu-begunstigde groeperinge in die samelewing geniet nie. Die milieu-benadeelde situasie word gekenmerk deur verskeie vorme van deprivasie, naamlik fisiese, materiële, emosionele, intellektuele, psigologiese, omgewings- en opvoedingsdeprivasie. Armoede dra by tot die fisieke onvermoë van die milieu-benadeelde individu, wat 'n kenmerkende eienskap is en toegeskryf kan word aan faktore soos 'n gebrek aan voedsel, wanvoeding en die onvermoë om mediese dienste te bekostig, wat tot 'n verlaging in immuniteit en uiteindelik tot

siektes aanleiding gee. Hierbenewens lei armoede daartoe dat milieu-benadeelde groeperinge gewoonlik nie kwaliteit-opleiding kan bekostig nie. Dit resulteer in 'n algemene kwesbaarheid van die milieu-benadeelde individu en lei tot gevoelens van isolasie en magteloosheid (Le Roux & Gildenhuys, 1994:37-39 & 40-41).

Die milieu-benadeelde individu voel dikwels vasgevang in sy situasie, waar hy daagliks armoede en 'n tekort aan noodsaaklikhede in die gesig staar. Hy bevind hom in 'n onaantreklike, verwaarloosde buurt, wat deur geweld, misdaad en lawaai gekenmerk word. Hierbenewens word hy voortdurend aan negatiewe invloede blootgestel in die gedepriveerde omgewing waarbinne hy funksioneer. Dit is voor die hand liggend dat die milieu-benadeelde gesin, wat gesinstake en gesinsfunksies betref, dikwels probleme ondervind om optimaal te funksioneer in sodanige milieu-benadeelde buurt. Die milieu-benadeelde individu ondervind dienooreenkomstig gewoonlik probleme met betrekking tot optimale funksionering en persoonsontplooiing.

## 2.3 DIE GESINSITUASIE VAN DIE MILIEU-BENADEELDE KIND

Meintjes (1990:12-13) omskryf die **mileu-benadeelde gesin** as 'n gesin wat:

- 'n geringe sosiale en ekonomiese status het
- kultureel-sosiaal en sosio-ekonomies misdeeld is
- belemmering ervaar weens die etniese groep waartoe die gesin behoort
- deel vorm van 'n sub-kultuur wat vreemd is aan die kultuur wat algemeen aanvaar word as die dominante kultuur
- 'n onvermoë openbaar om deel te neem aan die dominante kultuur, weens kulturele andersoortigheid
- vasgevang is in 'n armoedspiraal, wat gekenmerk word deur deprivasie en verwaarlosing

- teruggehou word met betrekking tot die verwerkliking van moontlikhede, weens milieu-belemmeringe.

Milieu-benadeelde groeperinge verskil van die dominante kultuur in die samelewing in terme van kulturele en sosio-ekonomiese gesteldhede, dit wil sê leefstyl, gebruike, waardes, godsdiens, taal en insigte. In die gesinsmilieu word die milieu-benadeelde kind voortdurend blootgestel aan 'n tekort aan opbouende ontwikkelingservaringe en bevind hy hom in 'n milieu wat as kultuurarm beskryf kan word, aangesien hy nie van voldoende ervaringe voorsien word om aan die eise van die skool en die samelewing te voldoen wanneer hy die primêre groep verlaat om in die dominante hoofstroom te funksioneer nie. Hy bevind hom in 'n nie-ondersteunende gesinsmilieu, waar sy ouers onbetrokke, die omgewing beperkend en die ouer-kind-verhouding ontoereikend is. Die milieu-benadeelde kind se agtergrond impliseer dus 'n kultuuragterstand, wat die kind met gevoelens van beperking, verwerping en geïsoleerdheid laat en dikwels daartoe lei dat hy homself as 'n mislukking beleef (Pretorius, 1998b:315; Le Roux & Gildenhuys, 1994:44-45; Roberts, 1994:23).

Die milieu-benadeelde gesin word dikwels gekenmerk deur gesinslabiliteit en 'n dissosialiserende gesinslewe, weens die feit dat ouers selde voldoende tyd en aandag spandeer aan aspekte soos opvoedingsbemoeienis, gesinsgesprekke, gesinsmaaltye en vryetydsbesteding binne gesinsverband. Gesinne word gewoonlik verder gekenmerk deur 'n hoë kindertal, wat goeie versorging en geleenthede vir individuele aandag aan kinders bemoeilik en tot opvoedingsverwaarlosing lei. Hierbenewens word die milieu-benadeelde gesin dikwels gekenmerk deur ontoereikende gesinseenheid of gesinsverbrokkeling as gevolg van egskeiding, verlating, buite-egtelike verhoudinge, wantroue, spanning, huwelikskonflik, gebrek aan voldoende inkomste of weens die feit dat een van die ouers weg van die huis af werk. In die gesin word gewoonlik min orde en reëlmaat gehandhaaf, weens verskille tussen die ouers met betrekking tot die dissiplinering van kinders en die handhawing van konsekwente reëls en

norme. Die beeld van die vader is dikwels afgebreek en hy is dikwels werkloos, werksku en swak opgelei. Hy is gewoonlik ongeskoold of halfgeskoold, wat 'n lae beroepstatus en lae inkomste impliseer en 'n gebrek aan voldoende behuising, voedsel, kleding, mediese versorging en die nodige ontspanningsgeleenthede tot gevolg het. Kindersterftes, wanvoeding of ondervoeding van kinders, asook kroniese siektes weens die nie-beskikbaarheid van fondse vir effektiewe mediese dienste kom algemeen voor. Vanweë fisiese verwaarlosing voel die milieu-benadeelde kind meestal minderwaardig, openbaar 'n swak waaghouding en ontwikkel 'n lae selfkonsep. Hy voel vasgelope, is nie in staat om sy moontlikhede te aktualiseer nie en sy sosialisering vind nie toereikend plaas nie. Hierbenewens is die ouers self ook dikwels sosiaal gerem, weens die ontoereikendheid van hulle eie sosialisering (Pretorius, 1998b:318; Le Roux & Gildenhuys, 1994:34 & 36-37; Vorster, 1993:161-162; Meintjes, 1992:160-161; Pretorius, 1987:37).

'n Studie deur Vorster (1993) van 'n milieu-benadeelde gemeenskap in Suid-Afrika bevestig bovermelde stellings ten opsigte van die opvoedingspeil en beroepstatus van milieu-benadeelde ouers, waar bevind is dat 54,8% van die respondente (ouers) oor 'n onderwyskwalifikasie van standerd 8 of 9 (graad 10 of 11) beskik het, 35,5% van die respondente standerd 6 of 7 (graad 8 of 9) geslaag het en slegs 9% matriek geslaag het. Geen ouers het enige vorm van naskoolse opleiding ontvang nie. Uit die resultate blyk dit verder dat ouers meestal beroepe met 'n lae beroepstatus beoefen. Van die respondente het 35,5% ten tye van die ondersoek ongeskoolde beroepe, halfgeskoolde beroepe of beroepe soos tuinier, operateur of motorbestuurder beoefen, terwyl 35,5% werksaam was in opgeleide buiteberoepe, ambagte, verkoopsberoepe, klerklike beroepe of voormanne was. Van die respondente was 29% werkloos, pensioenarisse of huisvrouens (Vorster, 1993:108-109).

Ouers in die milieu-benadeelde gesin verwerklik gewoonlik 'n ontoereikende opvoedingstyl, wat die optimale persoonsontwikkeling van die kind belemmer.

Gesinskommunikasie is dikwels problematies en voldoende liefde word selde aan die kind betoon. Weens sy verpligtinge laat die vader die opvoeding van die kinders grotendeels aan die moeder oor. Vanweë sy afwesigheid moet die kinders die vader as identifikasiefiguur en gesagsfiguur, sowel as sy liefde, ontbeer. Die moeder slaag dikwels ook nie daarin om die kinders toereikend te versorg, op te voed en die nodige warmte en moederliefde te verskaf nie, in talle gevalle weens die feit dat sy self buitenshuis werk om tot die inkomste van die gesin by te dra, asook vanweë die feit dat sy nie oor die vaardighede beskik om haar kinders toereikend op te voed en optimale ontwikkeling by hulle te bevorder nie. Die moeder is in baie gevalle nie opgewasse vir die opvoedingstaak nie, wat openbaar word in geringe belangstelling in en bemoeienis met die kind (Pretorius, 1998b:318; De Witt & Booysen, 1995:129; Le Roux & Gildenhuys, 1994:37; Vorster, 1993:163-164; Meintjes, 1992:161-162).

Die milieu-benadeelde gesin word deurgaans beïnvloed deur demoraliserende invloede uit die omgewing, wat daartoe lei dat hulle leefstyl gewoonlik gekenmerk word deur 'n gebrek aan die strewe om redelike standaarde van higiëne, netheid, versorgdheid, huisbestuur, selfrespek, eerlikheid, seksuele moraliteit, medemenslike omgang, ensovoorts, te handhaaf. Die milieu-benadeelde gesin bevind hom in 'n omgewing waar verskynsels soos buurttwiste, asosiale wandade, fisieke aanrandings en wetsoortredinge aan die orde van die dag is, wat soms meebring dat gesinslede self by sodanige wandade betrokke raak. Verskynsels soos alkoholmisbruik, dwelmmisbruik, oormatige aggressiwiteit, fisieke aanranding en onderlinge rusies en bakleiery tussen gesinslede kom algemeen voor (Pretorius, 1998b:318-319; Le Roux & Gildenhuys, 1994:47-48; Pretorius, 1987:38).

Milieu-benadeelde gesinslede is geneig om hulle vrye tyd op passiewe en nie-skeppende wyses te spandeer, gerig op ontspanning en afleiding. Beide ouers en kinders beoefen onoordeelkundige vryetydsbesteding, weens 'n gebrek aan die omstandighede, inisiatief en fasiliteite wat nodig is vir sinvolle en kultureel-

verrykende aktiwiteite. Benewens die swak voorbeeld wat ouers aan kinders stel in dié verband, stel hulle selde belang in die vryetydsbesteding van hulle kinders, is hulle gewoonlik onbetrokke daarby en verskaf hulle geen aanmoediging nie. Hierbenewens vertoon die milieu-benadeelde gesin dikwels tekorte ten opsigte van die godsdienstige lewe van die gesin en die godsdiensopvoeding van die kinders. Oor- en wanbesteding van geld kom algemeen voor en beskikbare geld word byvoorbeeld aangewend vir luukshede, drank en dobbelary, in 'n poging om vir die milieu-benadeeldheid en lae inkomste te kompenseer. Geld word eerder op materiële goedere spandeer as op goedere wat 'n bydrae kan lewer tot die kulturele verryking van gesinslede (Pretorius, 1998b:318-319; Pretorius, 1987:37-38).

Dit ontbreek die milieu-benadeelde gesin dikwels aan 'n atmosfeer van stabiliteit en rustigheid, wat belangrik is vir 'n toereikende beroepsgerigte milieu. Werkende kinders veroorsaak dikwels ontwrigting in die vorm van lawaai en jolyt. In dié proses is hulle nie 'n goeie voorbeeld met die oog op toegewyde beroepsgerigtheid vir jonger kinders nie, maar veroorsaak hulle eerder 'n verwarde perspektief wat die toekoms betref. Hierbenewens het ouers dikwels self ook op skool misluk en openbaar hulle gevolglik 'n negatiewe ingesteldheid en apatie teenoor die skool, wat aan jong kinders oorgedra word. Hulle is nie goeie voorbeelde met betrekking tot intellektuele vorming en die verwerwing van kwalifikasies en beroepsvaardighede nie, wat daartoe lei dat jong kinders dikwels so vroeg moontlik die skool wil verlaat om geld te verdien, ten einde hulself in 'n grootmenswêreld van onvolwassenes te handhaaf (Pretorius, 1998b:318; Pretorius, 1987:38).

Die milieu-benadeelde gesin se moontlikheid tot styging op sosiale vlak is beperk en die situasie van milieu-benadeeldheid word gewoonlik bloot van geslag tot geslag voortgesit, veral wanneer kinders hulle identifiseer met die beroep, leefstyl, houdings, gewoontes, waardes, kultuurpeil en gebrekkige aspirasies van die ouers. Benewens houdinge soos 'n pessimistiese toekomsingesteldheid,

wantroue teenoor die medemens en apatie teenoor die kerk, maatskaplike diens, politiek en burgerlike pligte, wat deur ouers aan hulle kinders oorgedra word, word tendense soos fisieke mishandeling in gesinsverband en 'n negatiewe houding teenoor werk en beroep dikwels deur die ouers voorgeleef, deur die kinders aanvaar en eenvoudig voortgesit in hulle lewens as volwassenes. Dit impliseer dat die milieu-benadeelde kind sy ouers slaafs navolg en op dié wyse die agterstande, behoeftes en milieu-benadeeldheid van die ouers voortsit (Pretorius, 1998b:319; Meintjes, 1990:56-57 & 215-216; Pretorius, 1987:39).

Meintjes (1990:215) meld dat die milieu-benadeelde ouer, op grond van die kenmerke van die milieu-benadeelde gesin, dikwels nie daarin slaag om die volgende belangrike gesinstake in die gesinsituasie te verwerklik nie:

- die hantering van gesinskrisisse
- die versorgende taak
- die sosialisering van die kind
- die emansipasie van die kind
- die huweliksverbondenheid, wat 'n voorwaarde vir opvoeding is.

Soos reeds aangedui, word die milieu-benadeelde gesin gewoonlik gekenmerk deur opvoedingsverwaarlosing en bevind die milieu-benadeelde kind hom in 'n milieu waar sy ontwikkeling tot volwaardige volwassenheid belemmer word en sy kwesbaarheid dienooreenkomstig verhoog. Die opvoedingsbetekenis van dié opvoedingsverwaarlosing en van die kwesbaarheid van die milieu-benadeelde gesin in die hedendaagse samelewing word vervolgens kortliks in terme van die ontoereikende verwerkliking van sosiopedagogiese essensies beskryf (Pretorius, 1998b:320-321; Meintjes, 1992:89-90; Meintjes, 1990:212-214):

- **Ek-jy-verhouding:** Die milieu-benadeelde gesin word gekenmerk deur ontoereikende opvoeding en saamlewe, weens die onstabiele, kwesbare en nie-ondersteunende aard van die gesin. Die gesin word gekenmerk deur 'n

tekort aan koesterende liefde, persoonswarmte, intimiteit en toereikende verhoudinge (begrip, vertroue en gesag) in die gesin, veral tussen ouer en kind. Konflik, emosionele uitbarstings en onrus kom dikwels voor en skep 'n milieu waarin die kind nie veilig voel nie. Die kind voel nie in sy kindwaardigheid geag nie en ervaar dikwels verhoudingsprobleme, diskommunikasie (ten opsigte van die ouers) en opstandigheid.

- **Opvoedingstyl:** Die milieu-benadeelde ouer verwerklik gewoonlik 'n posisionele opvoedingstyl, gekenmerk deur onbuigsaamheid en rigiditeit. Weens dié opvoedingstyl beleef die kind gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid en word hy in sy optimale persoonsontwikkeling gerem.

- **Opvoedingskommunikasie:** Weens die outoritêre opvoedingstyl van die ouers is opvoedingsverhoudinge in die milieu-benadeelde gesin gewoonlik versteur en word behoorlike opvoedingskommunikasie belemmer. Die ouer is nie kind-gerig nie en kommunikeer selde op verbale wyse met die kind. Die kind beleef begriplose kommunikasie, waar min begrip getoon word vir hom as unieke individu en vir sy behoeftes, wense en probleme.

- **Sosiale lewe:** Die milieu-benadeelde gesinsituasie word gekenmerk deur 'n beperkte gesinseenheid, versteurde verhoudinge en spanning. Die kind beleef die gesinsituasie nie as 'n ruimte waar hy gelukkig en sinvol saam met gesinslede kan leef nie, maar eerder as 'n sosiale spanningsveld. Dit is in werklikheid 'n problematiese opvoedingsituasie, gekenmerk deur verskeie faktore wat optimale opvoeding belemmer.

- **Sosialisering:** Die sosialisering van die milieu-benadeelde kind word bemoeilik deur faktore soos die ouers se eie gebrek aan sosiaal-maatskaplike beweeglikheid, verskraalde gesinskommunikasie, begeleiding, beskerming en bemoeienis deur die ouers, asook weens die gesinsfeer wat 'n karige oefensituasie vir die kind bied ten opsigte van sy sosiale lewe en sy

uitgaan na die sosiale werklikheid. Hierbenewens het die milieu-benadeelde omgewing 'n nadelige uitwerking op die sosialisering van die kind en ervaar die kind gewoonlik probleme om homself te handhaaf in die milieu-benadeelde buurt waarin hy hom bevind.

- **Selfaktualisering:** Die milieu-benadeelde gesin en milieu voorsien nie die geleenthede, ervaringe en stimuli wat nodig is vir die toereikende aktualisering van die individu se moontlikhede nie.

- **Sosiaal-maatskaplike oriëntering:** Die eie plek-bepaling van die milieu-benadeelde individu is beperk en gee aanleiding daartoe dat hy gepredisponeer is tot 'n verskraalde, verarmde sosiaal-maatskaplike lewe. Die kind beleef dikwels sosiale en maatskaplike onsekerheid en disoriëntasie, weet nie waar hy inpas nie en beleef geringe verwagtinge ten opsigte van die skool, 'n beroep en sy posisie in die samelewing.

- **Identiteit en selfkonsep:** Die milieu-benadeelde individu (kind) se identiteitsverwerwing is gewoonlik benadeel, as gevolg van onder andere die nie-beskikbaarheid van positiewe identifikasiefigure tuis en in sy omgewing. Vanweë sy ongunstige agtergrond, verwaarloosde voorkoms, twyfelagtige identiteitsverwerwing, die minder aantreklike ouerbeeld en die nalaat van bevordering van selfvertroue en individualiteit deur die ouers, vorm die milieu-benadeelde kind dikwels 'n lae selfkonsep. Dit laat hom met gevoelens van algemene lewensonsekerheid en 'n gebrekkige toekomsperspektief.

- **Behoeftevervulling in sosiale verband:** Behoeftevervulling (op alle vlakke) is ontoereikend in die milieu-benadeelde gesinsituasie, weens onder andere armoede, verwaarlosing en die outoritêre opvoedingstyl van die ouers.

- **Sosiale milieu:** Die milieu-benadeelde buurt is onaantreklik en kom verwaarloos voor. Dit word gekenmerk deur armoede, misdaad, lawaai,

alkoholisme, dwelmgebruik, buite-egtelike seksualiteit en 'n lae sosiale, kulturele en ekonomiese peil. Die gesinsituasie of leefomgewing, wat die opvoedingsruimte is, word gewoonlik gekenmerk deur geografies-fisiese ontoereikendheid en versteurde verhoudinge. Hierdie ongunstige fisiese, kulturele en sosiale milieu waarin die gesin hom bevind, belemmer die optimale opvoeding en ontwikkeling van die kind.

Volgens Meintjes (1990:3) dui die kenmerke van die milieu-benadeelde gesin op die ontoereikende vervulling van pedagogiese, psigologiese en sosiale behoeftes van gesinslede, weens 'n gesinslewe wat die persoonsontwikkeling van die lede belemmer. Die ongunstige lewensomstandighede van die milieu-benadeelde gesin, asook die sosiale en kulturele isolasie waarin die gesinslede verkeer, belemmer die persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling van die gesinslede en resulteer daarin dat die milieu-benadeelde kind nie optimaal ontwikkel tydens die proses van volwassewording nie. Die pedagogiese, psigologiese en sosiale kenmerke van die milieu-benadeelde gesin word vervolgens kortliks uiteengesit. Dit mag soms blyk dat bepaalde aspekte by herhaling gestel word, maar dit word nogtans ingesluit ter wille van 'n omvattende beeld van die onderskeie kenmerke van die milieu-benadeelde gesin.

### 2.3.1 Pedagogiese kenmerke van die milieu-benadeelde gesin

Die milieu-benadeelde gesin vertoon die volgende pedagogiese kenmerke:

- **Opvoeding en opvoedingstyl:** Die ouers se opvoedingstyl word gewoonlik gekenmerk deur rigiditeit, starheid en onbestendigheid. Ouers is outoritêr en onbuigsaam en gesag is gebaseer op mag, formele posisies en die behoefte aan orde. Ouers beoefen gesag op 'n dwangmatige wyse, wat daartoe lei dat kinders ouerlike gesag gewoonlik sonder teenspraak aanvaar. Die kind se wense, gevoelens en begeertes word nie in ag geneem nie. Dit lei daartoe

dat die kind in die milieu-benadeelde gesin dikwels probleme ondervind met intermenslike kommunikasie en inskakeling in die breë samelewing, beperkte selfstandigheid en selfvertroue openbaar, asook gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid beleef. In dié proses word die kind se persoonsontwikkeling belemmer en bepaalde sosiopedagogiese essensies ontoereikend verwerklik, te wete die ek-jy-verhouding, kommunikasie, sosialisering, selfaktualisering, selfkonsepvorming en behoeftevervulling in sosiale verband (Meintjes, 1990:62 & 148-149).

- **Sosialisering van die kind:** In die milieu-benadeelde gesinsituasie, waar 'n posisionele opvoedingstyl gehandhaaf word, word die toereikende sosialisering van die kind belemmer, wat gewoonlik 'n nie-sosiale persoonlikheid tot gevolg het. Die kind beleef selde sy sosialisering in 'n positiewe lig, as gevolg van die negatiewe sosiale ingesteldheid van die ouers. Hy leer nie om behoorlik met sy medemens te kommunikeer nie en sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede word gevolglik nie toereikend verwerklik nie. Benewens die gesinsituasie as belemmerende faktor is die milieu-benadeelde buurt ook nie bevorderlik vir die kind se optimale sosialisering nie, aangesien hy voortdurend blootgestel word aan negatiewe invloede. Weens verskraalde sosialisering is die milieu-benadeelde kind nie in staat om homself te handhaaf in 'n komplekse, voortdurend veranderende samelewing nie en ontwikkel hy nie waardering vir 'n hoër kultuurbesit wat hom in staat sal stel om saamleef-verhoudinge met ander op 'n aanvaarbare vlak te verwerklik nie. Gevolglik toon sy opvoeding tot saamlewe tekorte (Meintjes, 1990:65-67).

- **Opvoedingskommunikasie:** Die milieu-benadeelde gesinsituasie word gekenmerk deur spanning en konflik, wat daartoe lei dat kommunikasie problematies is en die kind diskommunikasie beleef. Kommunikasiepatrone van die milieu-benadeelde gesin word gekenmerk deur geringe intimiteit, diepte en egtheid. Die disharmoniese ouer-kind-interaksie lei daartoe dat die

kind onvervulde emosionele behoeftes beleef, wat sy totale psigiese ontwikkeling, optimale selfaktualisering en verwerkliking van sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede kortwiek en uiteindelik aanleiding gee tot die vorming van 'n negatiewe selfkonsep (Meintjes, 1990:69-70 & 149).

- **Selfaktualisering van die kind:** Die verarmde, nie-stimulerende milieu en verskraalde ervaringswêreld waarin die milieu-benadeelde kind homself bevind, belemmer sy selfaktualisering, wat vir hom die onderaktualisering van sy moontlikhede beteken. Hierbenewens word die kind se selfkonsepvorming en selfaktualisering benadeel deur die ouers se ongunstige houding teenoor en verskraalde kommunikasie met hom (Meintjes, 1990:71 & 149-150).

- **Identiteitsverwerwing en selfkonsepvorming by die kind:** Weens die posisionele opvoedingstyl (outokratiese opvoedingsgedrag) van die ouer en die daarmee gepaardgaande geneigdheid om die kind dikwels af te kraak deur middel van negatiewe kritiek en beledigings, misluk positiewe identiteitsverwerwing en selfkonsepvorming by die kind. Die ouer se eie negatiewe selfkonsep gee aanleiding daartoe dat hy nie in staat is om sy kind tot positiewe selfkonsepvorming te begelei nie. Die gevolg is dat die kind 'n lae selfkonsep vorm, wat hom met 'n gevoel van magteloosheid laat teenoor individue uit die dominante kultuur, met gevoelens van onsekerheid wat betref sy eie vermoëns, sowel as met 'n ingeperkte waaghouding. Die milieu-benadeelde kind beleef sy bestaan as minder sinvol en sy lewe as minder doelmatig, in vergelyking met kinders uit milieu-begunstigde groeperinge (Meintjes, 1990:77 & 150).

- **Behoeftevervulling in sosiale verband:** Die sosiopedagogiese essensie **behoeftevervulling in sosiale verband** word nie in 'n gewenste mate verwerklik in die milieu-benadeelde gesinsituasie nie. Wat betref die **fisiese behoeftes** van gesinslede, is die gesin dikwels nie in staat om voldoende

voedsel, kleding, mediese versorging en ander lewensnoodsaaklikhede te voorsien nie. Weens konflik en rusies tussen gesinslede, asook emosionele deprivasie, onvoorspelbaarheid, wanorde en bedreiging wat die milieu inhou, belewe kinders dikwels vrees en angs en word hulle **veiligheidsbehoeftes** nie vervul nie. Wat **sosiale behoeftes** betref, voel gesinslede gewoonlik dat hulle nie aanvaar word deur die breë samelewing (lede van die dominante kultuur) nie en beleef hulle hulself as mislukkings en sosiale uitgeworpenes. Die **ek-behoeftes** van milieu-benadeelde gesinslede (veral kinders) word dikwels nie herken en erken nie, wat in 'n lae selfkonsep by die kind resulteer. Die milieu-benadeelde kind ontvang selde enige erkenning of goedkeuring, word gekenmerk deur 'n gebrek aan status, 'n lae gevoel van eiewaarde en gevoelens van minderwaardigheid. Weens dwarsboming van die vervulling van basiese behoeftes word die milieu-benadeelde individu se **behoefte aan selfaktualisering** ook nie vervul nie, wat impliseer dat die milieu-benadeelde kind nie die geleentheid kry om sy moontlikhede optimaal te verwerklik nie. Weens 'n vasgevangenheid in materiële sowel as geestelike armoede, beleef die milieu-benadeelde individu gevoelens van minderwaardigheid en onveiligheid. Die ouer neem nie die kind se persoonlike behoeftes, voorkeure en wense in ag nie en die ouer se posisionele opvoedingstyl impliseer in werklikheid ontoereikende behoeftevervulling vir die kind (Meintjes, 1990:78; 81 & 150-151; De Klerk, 1989:64-65; Pretorius, 1987:108-109).

- **Materiële verwaarlosing:** Die milieu-benadeelde individu se voorkoms getuig van verwaarlosing en 'n lewe in isolasie van die dominante kultuur, aangesien verwaarlosing, armoede, daarmee gepaardgaande siektetoestande en die behoeftige voorkoms van die milieu-benadeelde individu daartoe lei dat lede van die dominante kultuur hom verwerp. Die milieu-benadeelde kind word nie toereikend tot selfversorging opgevoed nie. Hierbenewens toon materiële verwaarlosing en armoede 'n samehang met ontoereikende skoolprestasies en vroeë skoolverlating, aangesien die milieu-

benadeelde kind selde gestimuleer word op terreine wat leerprestasie bevorder en om dié rede swak presteer. Die kind ontvang ook nie die nodige ondersteuning van die ouers met betrekking tot sukses op skool nie, dikwels vanweë die ouers se eie beperkte skoolprestasies en lae inkomste, met ander woorde weens die invloed wat hul eie ervaring van armoede op hulle houdinge, waardes en aspirasies gelaat het. Die milieu-benadeelde ouer is dikwels geneig om 'n siniese en fatalistiese lewenshouding te openbaar, wat op die kind oorgedra word (Le Roux & Gildenhuys, 1994:40-43; Meintjes, 1990:86 & 151).

- **Kulturele verwaarlosing:** Die milieu-benadeelde omgewing waarin die individu hom bevind, impliseer 'n verarmde kultuurwêreld of die ontbreking van 'n stimulerende kultuurmilieu. Ouers skenk selde aandag aan kultuurverrykende aspekte in die opvoeding van hulle kinders, wat daartoe lei dat die kind nie voldoende uitgedaag word tot kulturele eksplorasie nie en in die proses tot skoolweerloosheid gepreformeer word. Die kultuurarme milieu waarin die kind hom bevind, impliseer 'n begrensde, ongedifferensieerde kulturele ervaring met betrekking tot leefstyl en fisiese milieu. Weens die gebrek aan voorsiening van kultuurinhoude en kultuurmateriaal word die intellektuele en funksionele ontwikkeling van die kind belemmer en word 'n lae kognitiewe en kultureel-opvoedkundige peil by hom vasgelê en gehandhaaf. Milieu-benadeelde gesinne ondervind gewoonlik probleme om buite die beperkinge en grense van hulle kultuurarme milieu te beweeg (Meintjes, 1990:88-89 & 151).

- **Emosionele verwaarlosing:** Die koesterende liefde en gevoelswarmte wat die milieu-benadeelde kind beleef skiet tekort. Die emosionele atmosfeer waarin hy hom bevind, belemmer beide sy persoonsontwikkeling en skoolvordering en lei daartoe dat hy dikwels gevoelens van ongeborgenheid en spanning beleef en openbaar (Meintjes, 1990:93 & 152).

- **Waarde-oriëntasie:** Weens die feit dat die waardes wat deur milieu-benadeelde ouers aan hulle kinders voorgelewe word, verskil van die waardes van die dominante kultuur, ervaar die milieu-benadeelde kind probleme ten opsigte van sy inskakeling in die skool en in die breë samelewing. Dit lei tot spanning en gevoelens van frustrasie by die kind. Die negatiewe invloed van die milieu-benadeelde gesin en buurt belemmer positiewe waarde-oriëntering by die kind, wat nie slegs weerspieël word in sy waarde-oriëntasie nie, maar ook in onder andere sy algemene houding teenoor die lewe, sy houding teenoor die skool en geleerdheid en sy onervarendheid in die sosiale verhoudinge wat hy stig. Op dié wyse misluk die sosialisering van die kind. Dit gebeur dikwels dat kinders in milieu-benadeelde gesinne nie daarin slaag om 'n vaste waardesisteem vas te lê nie, weens die geneigdheid van ouers om bepaalde waardes voor te hou, maar nie voor te leef nie, wat daartoe lei dat die kind dié waardes nie internaliseer nie en selfs die waardes van die ouer bevraagteken. In die milieu-benadeelde gesin faal die opvoeding juis in die sin dat aanvaarbare norme en waardes nie vasgelê word by die kind nie. Hy ontwikkel 'n onaanvaarbare rangorde van waarde-voorkeur, waarvan die uitkoms resulteer in 'n onvermoë om toereikend te onderskei tussen behoorlik en onbehoorlik, goed en kwaad, mooi en lelik. Weens konfrontasie met enkele spesifieke eise eerder as met 'n gedifferensieerde waardehiërargie, openbaar die kind dikwels rigiditeit en verkrampte idees (Meintjes, 1990:94; 98-100 & 152).

### 2.3.2 Psigologiese kenmerke van die milieu-benadeelde gesin

Die psigologiese kenmerke van die milieu-benadeelde gesin kan soos volg saamgevat word:

- **Motivering in die milieu-benadeelde gesin:** Die milieu waarin die milieu-benadeelde kind hom bevind is beperkend, aangesien hy nie deur die ouers

aangemoedig word om te waag, self te eksploreer en sy moontlikhede te verwerklik nie. Daar bestaan nie 'n motiveringsruimte waar die motief om te waag voortdurend deur die ouers versterk word en die kind aangemoedig word om sy bestaande ervaring uit te brei nie. Op grond hiervan is die kind eintlik reeds vanweë sy situasie tot mislukking gepredisponeer. As 'n gevolg laat dit die kind met gevoelens van onsekerheid en onveiligheid, wat uiteindelik daartoe lei dat sy agterstande en geringe mate van motivering in sy skoolsituasie en skoolprestasies weerspieël word wanneer hy tot die formele skoolsituasie toetree. Milieu-benadeelde kinders openbaar gewoonlik 'n gebrek aan deursettingsvermoë en raak maklik mismoedig (Meintjes, 1990:102-103 & 152).

- **Kognitiewe niveau:** Die ontoereikende opvoeding waaraan die milieu-benadeelde kind blootgestel word, het 'n negatiewe uitwerking op sy kognitiewe ontwikkeling en funksionering. Die kind ontvang nie die nodige stimulasie in sy gesinsmilieu om met sukses te leer en te presteer nie. Hy toon 'n verskraalde kennisbesit en kan, vanweë onvoldoende kognitiewe strukturering en 'n eng verwysingsraamwerk, nie nuwe kennisinhoude deur middel van verbandlegging by sy bestaande kennisbesit integreer nie. Die gebrek aan bemoeienis deur die ouers lei tot geringe verbale, kognitiewe en sosiaal-affektiewe stimulasie, asook 'n ontoereikende ordening van die kind se perseptuele en sosiale wêreld, wat met behulp van taal moet geskied. Hierbenewens stel die ouers 'n swak voorbeeld met betrekking tot intellektuele vorming en die verwerwing van kennis. Die beperkte intellektuele prestasie van die milieu-benadeelde kind kan dikwels toegeskryf word aan sy armoedige lewensituasie, wat 'n gebrek aan voldoende positiewe ervaringe impliseer. Die verwaarlosing van kognitiewe stimulasie het 'n nadelige uitwerking op beide die kind se kognitiewe en taalontwikkeling. Die kind behaal selde sukses en voel onseker, ontmoedig en ongemotiveerd. Dit gee desnoods aanleiding tot 'n negatiewe selfkonsep,

-at op sy beurt weer tot swak prestasie lei (Meintjes, 1990:107; 109 & 152-153).

- **Selfkonsep van die ouers:** Die milieu-benadeelde ouer beleef homself as minderwaardig, weens faktore soos armoede waaraan hy sy hele lewe lank (gewoonlik ook as kind) blootgestel is, verwerping deur lede van die dominante kultuur, liefdeloosheid in sy eie lewe en die belewing van ontoereikendheid, mislukking en frustrasie. Vanweë sy lae selfkonsep openbaar die milieu-benadeelde ouer dikwels aggressiewe, gewelddadige en destruktiewe gedrag. Dit volg dat interaksie met sy kind gewoonlik ver tekortskiet (Meintjes, 1990:111 & 153).

- **Affektiewe klimaat van die gesinslewe:** Die affektiewe klimaat wat in die milieu-benadeelde gesin heers, belemmer die kind se persoonsontwikkeling. Dit word gekenmerk deur liefdeloosheid en oormatige strengheid, wat 'n negatiewe uitwerking het op die emosionele lewe en gedrag van die kind, dikwels daartoe lei dat hy sy toevlug neem tot ongewenste portuurgroepe en gewoonlik die patroon van liefdeloosheid in sy eie lewe voortsit. Milieu-benadeelde kinders openbaar dikwels leer- en gedragsprobleme, wat dan gewoonlik toegeskryf kan word aan die affektiewe verwaarlosing waaraan hulle onderworpe is (Meintjes, 1990:115 & 153).

### 2.3.3 Sosiale kenmerke van die milieu-benadeelde gesin

Die milieu-benadeelde gesin vertoon die volgende sosiale kenmerke:

- **Gesinslewe:** Die milieu-benadeelde gesinslewe word gekenmerk deur labiliteit en 'n gebrek aan kalmte en rustigheid, gereelde gesinskonflik en die geneigdheid van gesinslede om elkeen sy eie belang te soek ten koste van die ander. Die kind se belewing van die ouers wissel dikwels tussen gevoelens van verworpenheid aan die een kant en 'n ervaring van

oorweldigende liefde aan die ander kant, gewoonlik gebaseer op skuldgevoelens. Die kind word voortdurend blootgestel aan spanning en disharmonie en beleef selde gevoelens van geborgenheid, veiligheid en konsekwentheid. Hy beleef eerder gevoelens van twyfel, vrees en onsekerheid. Wanneer die milieu-benadeelde ouer die kind dwing om iets teen sy sin te doen, ontstaan 'n gespanne verhouding wat dikwels gekenmerk word deur onbeheersde dreigemente, verwyte en 'n halsstarrige verset deur die kind (Meintjes, 1990:120 & 153-154).

- **Sosiale milieu:** Die milieu-benadeelde gesin bevind hom in 'n kultuurarme milieu, gekenmerk deur geografies-fisiese tekortkominge en versteurde verhoudinge. Weens die verarmde kultuurwêreld handhaaf die gesin 'n lae kultuuropvoedkundige peil en vind dit moeilik om die beperkinge en grense van hulle sosiale milieu te oorskry. Hierdie milieu-benadeelde woonbuurt beteken vir die kind 'n verskraalde ervaringswêreld, wat tot onderaktualisering van sy moontlikhede en van sy sosiaal-maatskaplike ontwikkeling lei en optimale persoonlikheidsontwikkeling belemmer (Meintjes, 1990:121; 124 & 154).

- **Sosialisering van die ouers:** Die sosialisering van die milieu-benadeelde ouer skiet tekort, weens die feit dat hy as kind nie die waardes, norme, leefstyl, lewensopvatting en waardering vir 'n hoër kultuurbesit, wat hom in staat sou stel om op 'n aanvaarbare vlak met ander saam te leef, aangeleer het nie. Die mislukte sosialisering van die ouer resulteer in onvoldoende deelgenootskap aan die samelewing. Die ouer openbaar dikwels 'n gebrek aan aspirasies en ervaar probleme met betrekking tot die toereikende sosialisering van sy kinders. Dit lei daartoe dat die ouer sy kinders sosiaal verwaarloos, wat beteken dat hulle nie die nodige sosiale waardes en leefreëls verwerf om hulle sosiale lewe optimaal te verwerklik nie (Meintjes, 1990:125-126 & 154).

- **Kommunikasiestyl:** Kommunikasie in milieu-benadeelde gesinne is gewoonlik versteur en word gekenmerk deur 'n beperkte taalkode. Die outoritêre opvoedingstyl van die ouer belemmer egte opvoedingskommunikasie en het tot gevolg dat die ouer eerder op nie-verbale wyse en dikwels op 'n negatiewe wyse met die kind kommunikeer. Die behoeftes en versoeke van die kind word selde in ag geneem. Ontoereikende kommunikasie laat die kind met gevoelens van wantroue, minderwaardigheid en nie-aanvaarding, wat tot gevoelens van onveiligheid en eensaamheid kan lei en die kind se selfkonsep en gevoel van eiewaarde negatief kan beïnvloed (Meintjes, 1990:129 & 154).

- **Taalkode:** In vergelyking met ander kinders ervaar die milieu-benadeelde kind 'n agterstand ten opsigte van taalontwikkeling. Hy openbaar taaltekorte en beskik oor begrensde interpersoonlike kommunikasie-vaardighede, wat sy vermoë om in die dominante kultuur te kommunikeer, beperk. Die taalkode wat die milieu-benadeelde kind gebruik, is ongewens, wat sy taalkeusemoontlikhede, sowel as sy kognitiewe en sosiale ontwikkeling benadeel. 'n Gevolg is dat die milieu-benadeelde kind dikwels op 'n laer ontwikkelingsvlak funksioneer as wat van hom verwag kan word. Hierbenewens is die tempo van veral sy kognitiewe ontwikkeling stadiger as dié van milieu-begunstigde kinders en word hy in die aktualisering van sy persoonlike potensiaal gerem. Die lae kwaliteit van die milieu-benadeelde kind se taalgebruik is dikwels toe te skryf aan die ongunstige taalvoorbeeld wat deur die ouers gestel word, asook die inhiberende lewenswêreld waarin hy hom bevind. Sy verskraalde taalgebruik weerspieël sy beperkende omstandighede (Le Roux & Gildenhuys, 1994:37-39; Meintjes, 1990:134 & 154).

- **Gesinskontrole:** Die milieu-benadeelde ouer handhaaf telkens rigiede gesinskontrole en outoritêre gedrag, waarvolgens absolute gehoorsaamheid aan onbuigsame reëls vereis word en kinders dikwels fisiek en selfs op

wreedaardige wyse gestraf word. Soms word kinders selfs mishandel. Soos reeds gemeld, benadeel hierdie outoritêre opvoedingsgedrag van die ouer die optimale persoonlikheidsontwikkeling van die kind en gee dit dikwels aanleiding tot 'n onvermoë met betrekking tot doelgerigtheid en volwassenheid, lae moed van oortuiging as volwassene, 'n groot mate van afhanklikheid en geïnhibeerdheid, 'n verlaagde mate van vriendelikheid en spontaneïteit teenoor die medemens, 'n swak ontwikkelde gewete, 'n hoë mate van vrees en neerslagtigheid. Onderdrukte gevoelens van opstandigheid kan in gevoelens van onmag, verset en wrok omsit, wat daartoe lei dat die kind in botsing kom met die gesag van sy ouers (Meintjes, 1990:137 & 155).

- **Rolgedrag van die ouers:** Weens die afwesigheid van die vader is die moeder dikwels die dominante figuur in die milieu-benadeelde gesinsituasie. Op dié wyse word die kind se geslagsrolontwikkeling en geslagsidentifikasie soms belemmer. Indien albei ouers wel teenwoordig is, stel hulle gedrag teenoor mekaar dikwels nie 'n goeie voorbeeld vir die kind met betrekking tot sy toekomstige rol as man of vrou nie. Weens die belangrikheid wat aan konformering en gehoorsaamheid geheg word, volg die kind die ouers gewoonlik slaafs na. Hierbenewens belemmer die negatiewe interaksie tussen ouers en kinders toereikende morele ontwikkeling by die kind. Binne die rigiede rolsisteem en strak taakverdeling tussen man en vrou wat in die milieu-benadeelde gesinsituasie gehandhaaf word, ly die kind se affektiewe, kognitiewe en normatief-singewende begeleiding skade en word sy sosiale horisonne beperk. Die vader distansieer homself gewoonlik van die rol van die moeder en by implikasie dus ook van die rol van steungewing aan die kinders (Meintjes, 1990:141; 143-144 & 155).

## 2.4 DIE WAARDE-ORIËNTASIE VAN DIE MILIEU-BENADEELDE OUER

Rosa (1994:24) verwys na Kohn se beskouing van waardes in die opvoedingsituasie as *"preferred standards of behaviour which parents would most like to see in their children."* Dit bevestig die feit dat ouers dit wat hulle self as belangrik beskou, of, anders gestel, dit wat hulle van waarde ag, ook as belangrik beskou vir hulle kinders en daarna streef om dié betrokke waardes aan hulle kinders oor te dra, sodat die kinders hulle lewens daarvolgens kan rig. Dit is inderdaad so dat 'n kind sy lewensopvatting baseer op dié waardes en norme wat hy in sy ouerhuis verwerf. Alvorens in Hoofstuk 3 gefokus word op die invloed van die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer op die opvoedingsgedrag wat hy verwerklik, is dit belangrik om die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer eers te bespreek sodat dit as agtergrond vir die res van die studie kan dien.

Navorsers het bevind dat die sosio-ekonomiese status van ouers die kragtigste sosiaal-strukturele voorspeller is van die waardes wat hulle aanhang, dit wil sê van hulle waarde-oriëntasie. Rosa (1994:30) verwys na 'n uitspraak van Kohn (1963) dat die waardes wat vir ouers belangrik is weer op hulle beurt 'n invloed uitoefen op die wyse waarop die ouers teenoor hulle kinders optree (opvoedingsgedrag) en verder dat ouerlike opvoedingsgedrag deurgaans gerig is op een van twee waardes: òf op konformiteit aan eksterne reëls òf op die ontwikkeling van selfdireksie. Die mate van konformiteit of selfdireksie wat gehuldig word, bepaal sodoende wat die ouer as belangrik vir sy kind beskou en in die opvoeding van sy kind as doelstellings sal nastreef. Die waardesisteem van ouers uit 'n laer sosio-ekonomiese klas sentreer gewoonlik om konformiteit, terwyl ouers uit hoër sosio-ekonomiese groeperinge aspekte soos inisiatief, onafhanklike denke en eie oordeelsvermoë as belangrik beskou (Rosa, 1994:30-31).

Die verskil tussen die ontwikkeling van konformiteit en die ontwikkeling van selfdireksie lê opgesluit in die mate van gedragsvryheid wat aan 'n individu verleen word deur sy lewensomstandighede en die mate waarin hy homself as in beheer van sy lewe en bestemming beskou. Konformiteit impliseer waardes soos gehoorsaamheid, netheid, skoonheid, goeie maniere, respek vir ouers en meerderes, hoflikheid, selfdissipline, geslagstoepaslike gedrag en die vermoë om oor die weg te kom met ander. Dit is derhalwe gerig op die vermyding van enige gedrag wat ander kan benadeel of teenstrydig is met algemeen aanvaarbare sosiale verwagtinge of norme. Daarenteen is selfdireksie gerig op eksplorasie, inisiatief en onafhanklike denke en gedrag. Waardes soos outonomie, vryheid, kreatiwiteit, die aanmoediging van nuuskierigheid, selfkontrole, selfrespek en verantwoordelikheid word beklemtoon en aangemoedig (Schwartz, 1996:3; Rosa, 1994:32; Okagaki & Divecha, 1993:40; Spade, 1991:345).

Benewens sy algemene lewensomstandighede en meer spesifiek sy sosio-ekonomiese status, word die ouer se waardestelsel deur sy werksomstandighede bepaal, veral deur die aard van die vader se beroep (Rosa, 1994:30-31; Van der Velden, 1994:82). Belangwekkende navorsing is reeds onderneem oor die genoemde twee verbande, naamlik dat die waarde-oriëntasies van ouers (en dit wat hulle dienooreenkomstig van waarde ag vir hulle kinders, sowel as hulle opvoedingsgedrag) enersyds verband hou met hulle sosio-ekonomiese status en andersyds met die vader se beroep. Navorsing in dié verband is veral deur Kohn (1963, 1969) onderneem, waaruit dit blyk dat ouers met hoër-status beroepe daarna streef om selfbepaling by hulle kinders te kweek, wat eienskappe soos onafhanklikheid, inisiatief en kritiese denke impliseer. Volgens die waardestelsel wat sodanige ouers aan hulle kinders voorhou, word sukses aan persoonlike eienskappe en vaardighede toegeskryf. Hierteenoor bevorder die lewensomstandighede van ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge 'n meer ekstern-georiënteerde ingesteldheid op die sosiale werklikheid en word konformering aan eksterne reëls of

samelewingsvoorskrifte van groot waarde geag. Die individu beskou homself as oorgelewer aan die opvatting dat daar maatskaplike kragte bestaan waarop hy geen invloed kan uitoefen nie en dat hy selfs nie oor insig in die werking daarvan beskik nie. By implikasie huldig hy die opvatting dat hy op eenvoudige roetinewerk moet konsentreer en minder komplekse take moet uitvoer, bloot volgens die voorskrifte van ander. Hier word geen waarde aan selfbepaling geheg nie, maar intens gefokus op aspekte soos gehoorsaamheid aan meerderes, respek vir gesag, goeie maniere, belangstelling in die ekstrinsieke kwaliteite van werk, min vertroue in die medemens en 'n rigiede, strak houding teenoor dit wat as afwykend beskou word. Hierdie waarde-oriëntasie, wat kenmerkend is van ouers uit lae sosio-ekonomiese groeperinge (milieu-benadeelde groeperinge), word tydens opvoeding aan die kinders oorgedra en lei onder meer tot die plasing van beperkinge op die kind. Ouers uit laer sosio-ekonomiese groeperinge benadruk konformerende waardes in die opvoeding van hulle kinders, aangesien konformering vir hulle belangrik lyk in die lewensomstandighede (spesifiek werksomstandighede) waarin hulle hul bevind (Gerris, Dekovic & Janssens, 1997:842; Shaffer, 1996:613; Hoff-Ginsberg & Tardif, 1995:173; Holden, 1995:368; Van der Velden, 1994:82-83; Okagaki & Divecha, 1993:40 & 42).

Navorsing dui daarop dat die waardes wat ouers huldig en vir hulle kinders nastreef direk voortspruit uit die vereistes wat aan hulle gestel word in hulle werksituasies en dit wat in die werksituasie belangrik is om sukses te behaal. Tipiese werkersklas beroepe (sogenaamde blouboordjie beroepe) word gekenmerk deur essensiële vereistes van konformering met meerderes en die gehoorsame uitvoer van opdragte. Hierdie tipe beroepe maak gewoonlik nie voorsiening vir die ontwikkeling en uitlewing van selfdireksie, inisiatief en kreatiwiteit nie, soos in die geval van hoër-status beroepe (witboordjie beroepe), waar inisiatief beloon word en ten opsigte waarvan ouers selfkontrole en onafhanklikheid by die kind aanmoedig (Gerris *et al*, 1997:842; Shaffer,

1996:613; Hoff-Ginsberg & Tardif, 1995:173; Holden, 1995:368; Van der Velden, 1994:82-83; Okagaki & Divecha, 1993:40 & 42).

Benewens studies waar die verband tussen die waarde-oriëntasie van ouers en die werksmilieu van die vader ondersoek word, verwys Hoff-Ginsberg en Tardif (1995:173) na 'n studie deur Harwood (1992), waar die verwagtinge en voorkeure van moeders uit verskillende sosio-ekonomiese groeperinge met betrekking tot hulle jong kinders se gehegtheid-gedrag nagevors is. Die moeder is uitgevra na gewenste gedrag van haar kleuter indien hy alleen in die teenwoordigheid van 'n vreemdeling in 'n dokter se wagkamer gelaat sou word. Volgens die resultate blyk dit dat moeders uit laer sosio-ekonomiese groeperinge (milieu-benadeelde groeperinge) betaamlike optrede as belangrik beskou, wat gehoorsame, beleefde en stil gedrag deur die kind impliseer.

Die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer kan met behulp van 'n voorbeeld uit eie bodem toegelig word in terme van dit wat deur swart kultuurgroeperinge in Suid-Afrika, wat gewoonlik deel vorm van die milieu-benadeelde groeperinge, aangekleef word. Binne hierdie groeperinge is outoritêre gesag kenmerkend, wat onaanvegbare respek en agting vir ouer persone en persone in 'n senioriteitsposisie impliseer. Dit word as belangrik beskou dat die individu homself ondergeskik stel aan die groep en soms teen sy wil optree ter wille van die groep. Individuele besluitneming en individualisme word nie bevorder nie (Roux, 1995:17 & 25).

Dit blyk dus dat die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer hoofsaaklik bepaal word deur sy lewensomstandighede en werksomstandighede, in dié sin dat hy dit wat belangrik is vir sukses in sy werk en milieu as waardevol beskou en as waardes nastreef. Vanweë die feit dat die milieu-benadeelde ouer gewoonlik 'n lae-status beroep beoefen, is sy waarde-oriëntasie deurweef met waardes wat verband hou met konformiteit, gehoorsaamheid en respek vir meerderes. Aangesien hierdie kwaliteite vir die

ouer belangrik is ten einde sukses te behaal, word dit deur hom as waardes en doelstellings nagestreef in die opvoeding van sy kinders.

## 2.5 AGTERSTANDE EN KENMERKE VAN DIE MILIEU-BENADEELDE VOORSKOOLSE KIND

Die eerste ses jaar van die kind se lewe word as die belangrikste tydperk beskou in die totale ontwikkelingsverloop van die mens, aangesien dit die tydperk is waartydens die basis gelê word vir verdere ontwikkeling. Dit is die tydperk waartydens die mees intense fisieke en intellektuele ontwikkeling plaasvind, asook waartydens ontwikkeling vinniger plaasvind as op enige ander tydstip in die mens se lewe. Vroeë tuiservaringe is uiters belangrik vir die totale ontwikkeling van die kind, byvoorbeeld met betrekking tot aspekte soos taalontwikkeling, perseptuele ontwikkeling, sosiale ontwikkeling, emosionele ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, vroegkinderlike leeraktiwiteite en die vorming van 'n selfkonsep. Die voorskoolse jare is dan ook die tydperk waarin deprivasie, veral stimulusdeprivasie, 'n blywende effek het op die kind en spesifiek op sy ontwikkeling en selfaktualisering (Atmore, 1993:118; Vorster, 1993:119; De Klerk, 1989:30; Pretorius, 1987:33 & 103).

Pretorius (1987:32) vat die belangrikheid van vroeë tuiservaringe vir die kind se latere ontwikkeling soos volg saam:

> *"Die literatuur oor kinderontwikkeling bied talle gegewens wat aandui dat die voorskoolse jare 'n beslissende tydperk is, waartydens 'n wisselwerking tussen milieu-ervaringe en psigiese ontplooiing die persoonlikheid van die jong kind vorm en die mate bepaal waarin hy sy moontlikhede verwerklik. Soos wat die jong kind met sy omgewing interageer, word sy selfkonsep gevorm, die inhoud en patrone van sy taal ontwikkel, hy verwerf sosiale vaardighede, 'n houding teenoor leeraktiwiteite word gekweek en konsepte begin vorm wat hom daartoe in*

*staat stel om sy omgewing te interpreteer en te orden. Die vroeë jare is veral kritiek vir kinders uit omgewings wat ekonomies, sosiaal en opvoedkundig gebrekkig is, sodat hulle ervaringe beperk word en hul ontwikkeling geredelik belemmer word."*

Die kind beskik by geboorte slegs oor bepaalde moontlikhede, wat nog verwerklik moet word. Die aktualisering van hierdie moontlikhede hou grootliks verband met die ervaringe en stimuli wat in die milieu aan die kind voorsien word. Dit impliseer dat die verskeidenheid en kwaliteit van die milieu-ervaringe waaraan die kind blootgestel word (onder andere die kwaliteit van die opvoeding) uiteindelik die kwaliteit van sy selfaktualisering bepaal. Die milieu-benadeelde kind bevind hom in 'n verarmde sosio-kulturele milieu, wat onvoldoende ervaringe, 'n verskraalde ervaringswêreld en uiteindelik die belemmering van sy persoonsontwikkeling en onderaktualisering van sy moontlikhede beteken. Dit volg dat die gesinsituasie waarin die milieu-benadeelde kind hom bevind die aktualisering van sy moontlikhede kan belemmer, ten spyte van die potensiaal waaroor hy beskik. Op dié wyse word sy ontwikkeling nadelig beïnvloed deur die milieu waarin die kind homself bevind (De Klerk, 1989:30; Pretorius, 1987:33).

Aangesien die moeder dikwels buitenshuis werk om die inkomste van die gesin aan te vul, word die milieu-benadeelde voorskoolse kind dikwels in hierdie belangrike tydperk van sy lewe alleen tuis gelaat of versorg in dagsorginrigtings wat beperkte fasiliteite en ontoereikende sorg bied. Indien die moeder wel tuis bly en beskikbaar is vir die kind, is sy dikwels moedeloos, tam en onderwerp aan oormatige spanning. Die kleuter besoek selde 'n kleuterskool en bring dikwels baie van sy tyd op straat deur saam met sy leeftyd-, buurt- en statusgenote. Uit die resultate van 'n studie deur Vorster (1993:112) blyk dit dat slegs 25% van die kleuters met werkende moeders 'n kleuterskool bywoon, terwyl 37,5% in die sorg van 'n huishulp of ander persoon gelaat word. Die meerderheid kleuters ontbeer sodoende belangrike voorskoolse ervaringe en die geleentheid om 'n gedeelte

van hul sosiale, kulturele, kognitiewe en funksionele agterstande uit te wis (Vorster, 1993:164; Pretorius, 1987:86; Garbers, 1980:47).

Bepaalde faktore in die gesinsmilieu kan, vanweë die ongunstige invloed wat dit op vroeë kinderlike ontwikkeling kan uitoefen, uitgesonder word as veral belangrik, te wete 'n verwaarloosde emosionele band tussen die moeder en die kind, 'n ongunstige gevoelsklimaat in die gesin, gevoelens van ongeborgenheid, 'n gebrek aan lewensruimte, 'n ontoereikende leefstyl, die lae kulturele en intellektuele peil van die ouers, ontoereikende vervulling van die kind se behoeftes, problematiese gesinsroetine, oneffektiewe hantering van probleme en krisisse in die gesin, negatiewe of persoonsbelemmerende gesinsinteraksie, 'n beperkte belangstelling deur die ouers in die aktiwiteite van die kind en onvoldoende geleentheid vir taalontwikkeling. Weens armoede is die verskeidenheid en kwaliteit van ervaringe wat in die milieu-benadeelde gesin vir die kind beskikbaar is, asook die aantal en verskeidenheid voorwerpe tot sy beskikking, beperk. Goeie boeke en ander lees- en kykmateriaal, sowel as speelgoed wat kennisuitbreiding moontlik maak en noodsaaklik is vir die intellektuele stimulering en ontwikkeling van die kind, is nie tot die kind se beskikking nie en die gesin kan nie leersame uitstappies bekostig nie. Die voorskoolse ervaring van die kind word tot sy onmiddellike omgewing beperk. Hierbenewens het die milieu-benadeelde ouer gewoonlik té min tyd om voldoende aandag aan sy kind te gee, is gewoonlik nie "geredelik" beskikbaar om met die kind te gesels of na hom te luister nie, en, indien kommunikasie wel plaasvind, is dit gewoonlik van lae kwaliteit en eenrigting-kommunikasie, of geskied dit in die vorm van konfrontasie. Weens die verskraalde interaksie tussen ouer en kind ervaar die kind 'n onbevredigde behoefte aan verbale, kognitiewe en sosiaal-affektiewe stimulasie, asook 'n onvermoë om sy perseptuele en sosiale wêreld met behulp van taal te orden (Vorster, 1993:63-64; De Klerk, 1989:30-31; Pretorius, 1987:33-34).

Die kind in die milieu-benadeelde gesin word egter nie slegs aan swak kwaliteit en té min kommunikasie blootgestel nie, maar ontvang ook selde enige vorm van terugvoer en korrigering wanneer hy taal besig. As gevolg hiervan kry hy selde die geleentheid om sy woordeskat uit te brei. Hierbenewens dien die ouers ook nie as gewenste taalmodelle nie en kan taalprobleme of 'n taalagterstand by die milieu-benadeelde kind dikwels toegeskryf word aan die voorbeeld van swak taalkwaliteit wat deur die ouers aan hom gestel word. As verdere verswarende faktor is die taal wat in die milieu van die kind gebesig word gewoonlik ook benede die gewenste standaard. Dit benadeel sy taalverwerwing verder en rem uiteindelik sy volwassewording. Die beperkte geleenthede vir taaloefening tuis en in sy onmiddellike milieu lei daartoe dat die kind nie in staat is om taal akkuraat en korrek as ekspressie-middel en kommunikasie-middel te gebruik nie. Weens die tekort aan en/of oneffektiewe aanwending van speelgoed en ander voorwerpe, word die ontwikkeling van konsepte by die kind belemmer. As gevolg hiervan verwerf die milieu-benadeelde voorskoolse kind nie die nodige taal- en kommunikasie-vaardighede wat belangrik is vir sukses op skool nie. Die kind beskik gewoonlik oor gebrekkige ouditiewe en visuele diskriminasie-vermoëns, wat spraakontwikkeling en die proses van leer-lees belemmer. Hierbenewens ervaar die kind 'n tekort aan taal wat abstraksies insluit, dit wil sê woorde wat kategorieë, klassifikasies en nie-konkrete gedagtes aandui. Gevolglik is die milieu-benadeelde kind gewoonlik nie gereed vir die taaleise wat in die formele skoolsituasie aan hom gestel word nie. Die voorskoolse ervaringe van die milieu-benadeelde kind verskil van dié ervaringe waaraan die deursnee middelklas kind blootgestel word, wat tot gevolg het dat hy selde aan die eise en verwagtinge van die skool, wat nie hierdie verskille in aanmerking neem nie, kan voldoen. Weens sy agterstand met betrekking tot taal en ervaring, onvoldoende motivering en verskraalde intellektuele gestimuleerdheid ervaar die milieu-benadeelde voorskoolse kind gewoonlik 'n ernstige kognitiewe agterstand, veral met betrekking tot aspekte soos konsepvorming, abstrahering en veralgemening. Hy openbaar gewoonlik agterstande met betrekking tot formele taal, lees,

toetssituasies, abstrakte denke en probleemoplossing (Booyse, 1994:126; Roberts, 1994:52; Atmore, 1993:124; Pretorius, 1987:35).

Die opvoedingsimplikasies van die situasie waarbinne die milieu-benadeelde kind ontwikkel, is baie negatief. Weens ontoereikende voeding en gesondheidsorg is die kind se fisieke toestand dikwels swak, wat lae energie en 'n behoefte aan lewenskrag tot gevolg het. Dit, tesame met belemmeringe ten opsigte van kognitiewe en taalontwikkeling, lei tot skoolweerloosheid, dit wil sê ontoereikende leer- en skoolgereedheid, wat dikwels in druiping en vroeë uitsakking resulteer, gewoonlik reeds in die laerskool. Dit bevestig die feit dat daar 'n betekenisvolle verband bestaan tussen die kulturele peil van 'n kind se sosio-ekonomiese milieu en die sukses wat hy op skool behaal, waar die kind met sosiale, kulturele en opvoedingsbelemmeringe selde optimaal presteer op skool, as gevolg van verskraalde voorskoolse en buiteskoolse ervaringe. Alhoewel die voorskoolse kind noodsaaklike ervaringe vanaf geboorte ontbeer, is die problematiek van milieu-benadeeldheid eers werklik opvallend wanneer die kind die skoolsituasie betree en op grond van sy eng ervaringe en ontoereikende stimulasie nie voldoende toegerus is om aan die eise van die skoolsituasie te voldoen nie. Die milieu-benadeelde kind betree die skoolsituasie met 'n agterstand ten opsigte van alle leeraktiwiteite weens die feit dat hy as voorskoolse kind nooit geleer het om te leer nie en daarom nie in staat is om baat te vind by die skoolse onderrig wat aan hom gebied word nie. Hy beskik eenvoudig nie oor die vaardighede, ingesteldheid en emosionele stabiliteit om homself in die skoolsituasie te kan "red" nie en is sodoende nie in staat tot optimale prestasie nie (Pretorius, 1998b:313 & 323; Atmore, 1993:124; Lambinon, 1987:2; Pretorius, 1987:86-87).

Op grond daarvan dat milieu-benadeelde ouers selde aan die kind uit storieboeke voorlees, selde vir die kind storieboeke koop, die kleuter nie leer om van kleins af prente te "lees" nie (wat belangrik is vir die ontwikkeling van diskriminasievermoëns) en nie die nodige geleenthede skep vir die kleuter om 'n

biblioteek te besoek nie, voorsien die milieu-benadeelde gesinsituasie die kind nie van 'n geletterde omgewing nie en word sy verwerwing van leesvaardighede op dié wyse deur sy sosio-ekonomiese situasie gerem. Binne dié milieu is daar afwesigheid van goeie leesstof, kleuterboeke en opvoedkundige speelgoed wat intellektuele stimulering en ontwikkeling kan bevorder. Hierbenewens ontvang die kleuter ontoereikende ouerlike begeleiding tydens sy ontwikkeling, veral met betrekking tot sy perseptueel-motoriese ontwikkeling. As gevolg hiervan vertoon die perseptueel-motoriese ontwikkeling van die milieu-benadeelde kleuter gewoonlik tekorte, wat weer aanleiding gee tot visuele en ouditiewe diskriminasieprobleme, 'n gebrek aan tyds- en getalkonsepte en 'n kort aandagspan. Uiteindelik lei hierdie probleme daartoe dat die milieu-benadeelde kind nie skoolgereed is nie, wat dikwels tot leerprobleme (veral leesprobleme) aanleiding gee en uiteindelik in akademiese mislukking resulteer (Vorster, 1993:92; 95 & 164).

Pretorius (1998a:36-51) verduidelik die gebrek aan affektiewe skoolgereedheid, wat gewoonlik kenmerkend is van die milieu-benadeelde voorskoolse kind, aan die hand van die volgende algemene kenmerke:

- **Onvervulde fisiese behoeftes:** Die milieu-benadeelde gesin word gekenmerk deur 'n lae inkomste en behoeftige behuising. Die kind ontvang gewoonlik té min kleding, voeding en mediese versorging, wat daartoe lei dat hy nie gemotiveerd is om optimaal te leer en te presteer nie. Hierbenewens is die kind dikwels siek, wat in ongereelde skoolbywoning resulteer. Dit blyk dat die fisieke ontwikkelingstand van die milieu-benadeelde voorskoolse kind sodanige agterstande vertoon dat hy nie in staat is om aan die eise van die skool te voldoen of optimaal te ontwikkel en te leer nie.

- **Affektiewe labiliteit en onveiligheidsbelewing:** Die milieu-benadeelde voorskoolse kind ontvang selde voldoende liefde en persoonswarmte van die ander gesinslede, veral die ouers. Dit lei daartoe dat hy gevoelens van

onveiligheid en lewensonsekerheid beleef. Hierbenewens word affektiewe labiliteit en die onveiligheidsbelewing van die milieu-benadeelde voorskoolse kind geïntensiveer deur faktore soos gesinslabiliteit, gesinsverbrokkeling en opvoedingsverwaarlosing. Dit lei gewoonlik tot onsekere, gespanne en angstige gedrag in die skoolsituasie, wat dan gewoonlik in mislukking eindig.

- **Emosionele afhanklikheid:** Die milieu-benadeelde voorskoolse kind is dikwels skoolkwesbaar weens 'n gebrek aan genoegsame liefde en warmte in die gesinsituasie en die feit dat sy emosionele ontwikkeling gevolglik nie toereikend geskied nie. Hy is gewoonlik selfgerig en fokus hoofsaaklik op die vervulling van sy eie onvervulde emosionele behoeftes.

- **Lae selfkonsep:** Weens die milieu-benadeelde situasie waarin die milieu-benadeelde voorskoolse kind hom bevind en die ontoereikende opvoedingstyl van die ouers ontwikkel hy 'n negatiewe selfkonsep as persoon en as leerder.

- **Affektiewe leergeremdheid:** Die milieu-benadeelde kind begryp nie die erns van die skoolsituasie nie en is gewoonlik nie affektief gereed om te leer nie. Hy openbaar 'n speelse ingesteldheid, wat daartoe lei dat hy dit moeilik vind om aandag te gee, intensief te konsentreer en 'n taak te voltooi.

Die milieu van die milieu-benadeelde voorskoolse kind bemoeilik dus in alle opsigte sy kans om sy latente persoonsmoontlikhede optimaal te ontplooi en dienooreenkomstige prestasies te lewer. Hy bevind hom vanaf geboorte in lewensomstandighede waarvolgens hy belangrike ervaringe en blootstelling ontsê word en waar hy, weens beperkte stimulering, 'n gebrek aan motivering ervaar en uiteindelik nie na wense vorder nie, op skool sowel as later in 'n beroep. Die kind bevind hom in 'n lewensituasie wat gekenmerk word deur 'n verarmde milieu, onstabiele interpersoonlike verhoudinge, 'n ongunstige omgewing met toestande soos 'n oorvol, ongeorganiseerde huishouding, lawaai

en misdaad, onvoldoende mediese en tandheelkunde versorging, ongebalanseerde voeding, die afwesigheid van vormende speelgoed en fasiliteite, 'n kultureel andersoortige opvoedingsfeer en ontoereikende kognitiewe ontwikkeling. As uitvloeisel hiervan is die milieu-benadeelde kind dikwels onseker, angstig en wantrouig teenoor die wêreld en vestig hy selde intieme, stabiele verhoudinge met volwassenes. Alhoewel milieu-benadeeldheid deur verskeie faktore veroorsaak kan word, word deprivasie en verwaarlosing as van die belangrikste faktore beskou, wat sentraal staan in die situasie van die milieu-benadeelde kind (Booyse, 1994:123 & 127; Garbers, 1980:16-17).

Pretorius (1987:40) verwys na definisies van **deprivasie** en meld dat dit die idee van *verlies* of *verstokenheid* beklemtoon, asook *'n gebrek, gemis* of *tekort* aan dit wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die kind of dit wat nodig is vir die bevrediging van sy basiese behoeftes. Pretorius (1987:41) onderskei tussen deprivasie as gevolg van gesinsfaktore, deprivasie as gevolg van buurtfaktore en deprivasie as gevolg van skoolfaktore. Slegs die eersgenoemde twee vorme word as relevant beskou vir die onderhawige studie, aangesien die klem in die studie op die milieu-benadeelde voorskoolse kind val, wat impliseer dat die formele skoolsituasie nog nie werklik ter sprake is nie. Deprivasie weens gesinsfaktore en deprivasie weens buurtfaktore word vervolgens kortliks bespreek.

Die volgende drie vorme van deprivasie, waaraan die milieu-benadeelde kind gewoonlik blootgestel word, kan aan gesinsfaktore toegeskryf word:

- **Materiële deprivasie:** Dit verwys na gesinsarmoede, swak en oorval behuising, ontoereikende versorging van die kind (ook wat sy gesondheid betref), ondervoeding en wanvoeding, ongunstige higiëne, asook 'n tekort aan boeke, speelgoed en leersame uitstappies. Weens swak behuising word die gesinslewe dikwels gekenmerk deur spanning en disharmonie, wat soms daartoe lei dat die gesin verbrokkel. Hierbenewens ontbreek privaatheid en

speelruimte vir die kind. As gevolg hiervan voel die kind dikwels onveilig en minderwaardig, asook gefrustreerd vanweë die nie-beskikbaarheid van voldoende ruimte vir spel en ander vrye aktiwiteite. In die milieu-benadeelde gesin is daar dikwels 'n versteuring in gesinsverhoudinge. Veral die vader spandeer selde tyd aan gesprekvoering en spel met sy kind, dikwels vanweë die feit dat hy oortyd moet werk en min tuis is (Pretorius, 1998b:119; De Witt & Booysen, 1995:129; Pretorius, 1987:41-42).

- **Kulturele deprivasie:** Kulturele deprivasie verwys na sintuiglike en taaldeprivasie en impliseer dat die kind nie die sintuiglike en taalervaringe opdoen wat noodsaaklik is ter voorbereiding vir die eise van die skool nie. Hierbenewens verwys dit na ontoereikende belangstelling, aanmoediging en aktiewe betrokkenheid deur die ouers met betrekking tot die opvoeding en onderwys van die kind, dit wil sê opvoedingsverwaarlosing. Kulturele deprivasie kan gewoonlik toegeskryf word aan die ouers se eie lae onderwyspeil, wat tot gevolg het dat hulle nie oor die vermoë beskik om tuis die nodige stimulerende ervaringe aan die kind te voorsien nie en dikwels 'n ongunstige houding openbaar ten opsigte van die opvoeding en onderwys van die kind. Die milieu-benadeelde kind ervaar veral 'n kognitiewe en onderwysagterstand. In die groot milieu-benadeelde gesin gee die moeder dikwels min persoonlike aandag aan die kinders, is oorvolheid 'n ernstige probleem en is toereikende voeding en versorging van gesinslede moeilik. Met betrekking tot sintuiglike deprivasie openbaar die milieu-benadeelde voorskoolse kind 'n behoefte aan blootstelling en stimulering ten opsigte van 'n verskeidenheid sintuiglike ervaringe. Sy milieu ontbreek aan skoonheid en verskeidenheid en word gekenmerk deur min boeke, vormende speelgoed en stimulerende ervaringe. Dit lei gewoonlik daartoe dat hierdie kind oor 'n twyfelagtige leer- en leesgereedheid beskik wanneer hy tot die skoolsituasie toetree. Wat taaldeprivasie betref, word die milieu-benadeelde voorskoolse kind gekenmerk deur ontoereikende taalervaring weens ongunstige kommunikasie met gesinslede (veral die moeder), ontoereikende taalmodelle

en 'n versteurde emosionele klimaat in die gesinsituasie (Pretorius, 1998b:120; De Witt & Booysen, 1995:130-131; Pretorius, 1987:43-45).

- **Emosionele deprivasie:** Dit verwys na aspekte soos die verwaarlosing van persoonswarmte en liefhebbendheid van die kant van die ouers, die afwesigheid van die vader, egskeiding en die posisionele (outokratiese) opvoedingstyl van die ouers, waaraan die kind onderwerp word. 'n Aangeleentheid wat dikwels tot emosionele deprivasie aanleiding gee, is langdurige en traumatiese skeiding (byvoorbeeld as gevolg van afwesigheid) van een van die ouers (veral die moeder). Dit kan die persoonsontwikkeling van die kind ernstig belemmer, veral indien die skeiding plaasvind voor die ouderdom van twee jaar en indien dit langer as drie jaar voortduur. Hierbenewens kan ontoereikende of versteurde interaksie tussen moeder en kind, of verwerping van die kind deur die moeder, ook die kind nadelig beïnvloed en vir hom emosionele deprivasie beteken. Indien die vader afwesig is, het die kind ook 'n agterstand, aangesien 'n manlike identifikasiefiguur vir hom ontbreek, asook vanweë die feit dat 'n vaderlose gesin dikwels gekenmerk word deur materiële gebrek, gevoelens van onveiligheid en emosionele spanning. Die buite-egtelike, vaderlose kind word vanaf geboorte nadelig beïnvloed deur sy situasie, aangesien hy deurlopend aan die psigiese gevolge van sy vaderloosheid ly en sy selfkonsep nadelig beïnvloed word deur die stigma verbonde aan die situasie waarin hy hom bevind. Hierbenewens kan emosionele deprivasie voorkom in 'n gesinsituasie waar die vader wel teenwoordig is, maar hom sodanig onttrek dat hy as afwesig beskou kan word (Pretorius, 1998b:120; De Witt & Booysen, 1995:132; Pretorius, 1987:46-45).

Deprivasie weens buurtfaktore word veroorsaak deur die omgewing waarin die milieu-benadeelde gesin funksioneer. Milieu-benadeelde gesinne vestig hulself dikwels in kenmerkende woongebiede, waarvan die geografies-fisiese en maatskaplike kenmerke nie as gunstig beskou kan word vir die ontwikkeling van

die kind nie. Tipiese kenmerke van die milieu-benadeelde buurt is reeds elders bespreek (kyk 2.2).

Benewens deprivasie word die milieu-benadeelde voorskoolse kind aan verskeie vorme van verwaarlosing blootgestel. Die onderskeie vorme wat gewoonlik merkbaar is, word vervolgens kortliks beskryf:

- **Materiële verwaarlosing:** Materiële verwaarlosing is gewoonlik waarneembaar in die milieu-benadeelde gesinsituasie weens die nie-beskikbaarheid van noodsaaklike kommoditeite soos voldoende behuising, voedsel, kleding, nagrus, mediese sorg, higiëne en ontspanningsfasiliteite. Die milieu-benadeelde kind is onversorg en verwaarloos en voel dikwels minderwaardig as gevolg van sy opvallende voorkoms wanneer hy die skoolsituasie betree. Hy word ook nie toereikend opgevoed met betrekking tot selfversorging nie. Alhoewel die gesin nie altyd arm is nie en soms wel 'n inkomste het, word geld dan op luukshede spandeer eerder as op vormende speelgoed, goeie boeke en kultureel-verrykende uitstappies of die instandhouding en versorging van die huis en tuin (Pretorius, 1987:49-50).

- **Sosiale verwaarlosing:** Sosiale verwaarlosing impliseer die verwaarlosing van die sosiale lewe van die kind ten opsigte van veral sy saamlewe met ander, sy sosialisering en sy sosiaal-maatskaplike oriëntering. Die sosiale verwaarlosing van die milieu-benadeelde kind het tot gevolg dat sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede nie toereikend verwerklik word nie. As gevolg van die kind se stryd om sosiale handhawing in die situasie waarin hy hom bevind, leer hy nie om toereikend met sy medemens saam te leef nie, verwerf hy nooit die sosiale waardes en norme (leefreëls) wat belangrik is om sy sosiale lewe toereikend te verwerklik nie en word hy as gevolg hiervan dikwels as 'n sosiaal waningeskakelde leerling in die skoolsituasie getipeer (Pretorius, 1987:50).

- **Affektiewe verwaarlosing:** Affektiewe verwaarlosing spruit uit onvoldoende liefde en gevoelswarmte in die gesinsituasie, wat beteken dat die kind 'n gesellige gesinsatmosfeer en ryke gevoelskontak met gesinslede ontsê word. Die milieu-benadeelde gesinsituasie word dikwels gekenmerk deur 'n gebrek aan liefdevolle verbondenheid tussen ouer en kind, wat daartoe lei dat die gevoelslewe van die kind nie toereikend gewek word nie en dat hy affektief honger en arm bly. Dit lei gewoonlik tot gevoelens van onveiligheid en basiese lewensonsekerheid (Pretorius, 1987:50-51).

- **Taalverwaarlosing:** Die milieu-benadeelde situasie word gekenmerk deur arme, verskraalde taal, plattaal en vloektaal, op grond waarvan die gesinslede (ook die voorskoolse kind) in 'n bepaalde sosiale groepering geplaas word. Soos reeds gemeld, is die taalverwerwing van die milieu-benadeelde voorskoolse kind gewoonlik benede die gewenste standaard, hoofsaaklik vanweë die ongunstige taalvoorbeeld wat deur die ouers gestel en in die omgewing gehandhaaf word. Sy beperkte taalverwerwing word openbaar in taaltekorte in terme van aspekte soos taalbeheer, uitspraak, kort en onvoltooide sinne, woordvoeging, woordeskat, taalstyl en taalkode. Die kind beskik gewoonlik oor eng konsepvorming, wat daartoe lei dat hy eerder beskrywend en konkreet-gebonde is in sy taalaanwending as analities en abstrak. Benewens genoemde faktore in die gesinsituasie lei die ontoereikende leesgewoontes van die gesin tot 'n agterstand by die milieu-benadeelde kind, aangesien hy nie tuis blootgestel word aan goeie boeke en ander leesstof nie en dit nie leer hanteer en waardeer nie. Die ouers besit gewoonlik nie goeie boeke of ensiklopedieë nie en die kind word selde aangemoedig om verrykende boekmateriaal uit 'n biblioteek te neem. Indien leesstof wel beskikbaar is, is dit gewoonlik van onvoldoende kwaliteit en neem dit byvoorbeeld die vorm aan van kykboeke, strokiesverhale, fotoverhale en soetsappige stories (Pretorius, 1987:51-52).

- **Opvoedingsverwaarlosing:** Die milieu-benadeelde gesin verwerklik versteurde opvoedende saamlewe, wat in 'n problematiese opvoedingsituasie resulteer en daartoe lei dat die milieu-benadeelde kind 'n kind-in-opvoedingsnood is, wat nie tot optimale selfaktualisering kan kom nie. Die gesin slaag nie daarin om belangrike gesinstake toereikend te verwerklik nie (elders bespreek) en die milieu-benadeelde gesinsituasie word dikwels deur disfunksionering en versteurde verhoudinge gekenmerk. Opvoedings-verwaarlosing binne die milieu-benadeelde gesin neem gewoonlik die vorm aan van ontoereikende opvoedingsverhoudinge, ongunstige opvoedings-omgang, verskraalde opvoedingsbemoeienis en die ongunstige voorbeeld wat deur die ouers gestel word. Die ontoereikende verwerkliking van sosiopedagogiese essensies is reeds elders breedvoerig bespreek (kyk 2.3 in dié verband) (Pretorius, 1987:53-57).

- **Kultuur-opvoedkundige verwaarlosing:** Die milieu-benadeelde kind bevind hom in 'n kultureel-arm milieu, waar die kulturele ervaring wat hy opdoen skraal en ongedifferensieerd is. Op grond van die ouers se eie verarmde kultuurwêreld en daarmee gepaardgaande lae kultuur-opvoedkundige peil, bevind die kind homself ook in 'n lae kultuur-opvoedkundige peil, waarvan die grense en beperkinge moeilik oorskry word. Die milieu-benadeelde kind word nie van die nodige kultuurinhoude en kultuurmateriaal voorsien om sy verstandelike en funksionele ontwikkeling te bevorder nie. Hierbenewens sien die ouers nie toe dat belangrike kultureel-verrykende aktiwiteite verwerklik word nie, aangesien hulle selde aan die kind voorlees, verhale vertel, vir hom versies leer, hom laat teken, vormende speletjies, opvoedkundige speelgoed en kinderboeke voorsien, legkaarte laat bou, konstruktiewe stokperdjies laat beoefen, die kind se vrae sinvol beantwoord, hom op leersame uitstappies neem (soos na die dieretuin, kamplewe, museums), 'n belangstelling in skoolaktiwiteite en die begeerte om te leer wek, taalverwerwing bevorder, die kind bepaalde dinge leer en vertel, die kind tot denkaktiwiteite aanmoedig en positiewe houdinge by die

kind kweek ten opsigte van kennis, die skool en prestasie. Die milieu-benadeelde kind ervaar 'n tekort aan toereikende kulturele en opvoedkundige stimulering en die nodige vormende leesstof en voorbereidende voorskoolse en buite-skoolse ervaringe ontbreek derhalwe, veral met betrekking tot belangrike taalervaringe, speelervaringe, liggaamlike ervaringe, kulturele ervaringe, sosiale ervaringe en opvoedingservaringe. Dit is veral merkbaar wanneer die kind die skoolsituasie betree en byvoorbeeld nie in staat is om aandagtig te luister nie, weens die feit dat hy nooit voorskools verhale of voorlesings gehoor het nie, of bepaalde agterstande openbaar weens die feit dat hy as kleuter nooit museumbesoeke, konserte, vakansies, musiekuitvoerings, goeie kunsuitstallings, ensovoorts meegemaak het nie (Pretorius, 1987:57-59).

As samevatting van die algemene kenmerke en agterstande wat gewoonlik deur die milieu-benadeelde kind geopenbaar word, word afgesluit met 'n beskrywing van dié algemene tekorte en agterstande, soos geïdentifiseer deur Pretorius (1998b:321-322). Alhoewel sommige van hierdie kenmerke nie direk van toepassing is op die voorskoolse kind nie, word al die kenmerke nogtans kortliks bespreek ter wille van volledigheid.

- **Taalagterstande:** Die milieu-benadeelde kind beskik oor 'n eng woordeskat en openbaar eenvoudige sinskonstruksie, beperkte spraakgewoontes en formele taalpatrone, gebrekkige lees- en skryfvaardighede en leesgewoontes, 'n onvermoë om abstrakte simbole en komplekse taalvorme te gebruik vir interpretasies en kommunikasie, asook beperkte taalkode. Hy maak meer dikwels gebruik van nie-verbale kommunikasie en beskik slegs oor 'n beperkte vermoë om taal as kommunikasie-, intelligensie-, ekspressie- en abstraheringsmiddel te benut.

- **Ondoelmatige leerstyl:** Die milieu-benadeelde kind leer eerder deur middel van induktiewe as deduktiewe metodes en gee voorkeur aan fisiese, konkrete, nie-verbale, praktiese, onmiddellike, tydsame en persoon-gesentreerde benaderings. Hy is selde in staat om deur middel van bespreking en verduideliking tot insig te kom en toon agterstande met betrekking tot die simboliese en verbeeldingsmatige. Hy openbaar 'n behoefte aan onmiddellike, konkrete resultate en onmiddellike bevrediging uit dit wat hy geleer het, beskik nie oor die vermoë om veelvoudige probleme en take te hanteer nie en het 'n kort aandagspan. Hy is eerder anti-intellektueel en pragmaties ingestel as teoreties en fokus geredelik sy aandag op leerstof wat op lewendige, realistiese wyse aangebied word.

- **Ervaringsagterstande:** Die milieu-benadeelde kind toon begrensde alledaagse ervaring, kennis en leeraktiwiteite in beide sy gesinsmilieu en sy wyer omgewing. Vanweë sy omstandighede word hy nie van die nodige ervaringe en stimuli voorsien wat belangrik is vir sukses op skool nie.

- **Sosiaal-affektiewe agterstande:** Die lae selfkonsep van die milieu-benadeelde kind beïnvloed sy prestasies en sosiale gedrag. Weens die verskraalde sosiale en kommunikatiewe ervaring tuis en in sy onmiddellike omgewing beskik hy nie oor die nodige vaardighede in dié verband nie. In die situasie waarin hy hom bevind, ontvang hy selde enige vorm van goedkeuring, erkenning of motivering met betrekking tot prestasies en gedrag. Sy gesitueerdheid word gewoonlik gekenmerk deur 'n behoefte aan stabiele identifikasiefigure, wat impliseer dat die kind sterk onderhewig is aan die invloed van die sosiaal ongewenste gedrag van die volwassenes in sy milieu (gewoonlik wangenormeerde voorlewing deur die ouers en ander volwassenes). Die kind se waardes is dikwels teenstrydig met die waardes van die dominante kultuur, wat daartoe lei dat hy gevoelens van verwerping en minagting deur lede van die dominante kultuur beleef. Sy lae selfkonsep

en gevoelens van gefrustreerdheid kom dikwels tot uiting in aggressiewe, gewelddadige en destruktiewe gedrag.


- **Kognitiewe agterstande:** Die milieu-benadeelde kind presteer gewoonlik swakker in vergelyking met kinders uit hoër sosio-ekonomiese groeperinge en presteer swak in gestandaardiseerde toetse, veral in toetse waar daar 'n tydsbeperking is. Hy voltooi kognitiewe take stadiger as ander kinders, maar is nie noodwendig dom nie. Die kind toon min belangstelling in die abstrakte en kry selde oefening in denke en probleemoplossing. Hierbenewens ondervind hy gewoonlik probleme by die herkenning van ooreenkomste en verskille.

- **Fisiese tekorte:** Die milieu-benadeelde kind word as biologies misdeeld beskou, onder andere vanweë die feit dat hy gewoonlik swak gevoed, geklee en fisies versorg is, ontoereikende mediese versorging ontvang en dikwels té min slaap, rus en ontspanning kry.

- **Onderwysagterstande:** Die milieu-benadeelde kind bevind hom in 'n gebrekkig-geletterde of ongeletterde kultuurgroep en leer derhalwe nie die waarde van leeraktiwiteite en onderwys ken nie. Weens die ouers se apatiese ingesteldheid en onbetrokkenheid met betrekking tot onderwys, ervaar hy gewoonlik beperkte aspirasies en motivering in dié verband. Sy talle agterstande resulteer geredelik in kumulatiewe kognitiewe tekorte wanneer hy die skoolsituasie betree. Ander verswarende faktore sluit in 'n akkulturasieprobleem (tesame met die ambivalensies wat rondom hierdie probleem ontstaan), die lae onderwyspeil en ongeletterdheid van die ouers, ontoereikende onderwys en onderwys-fasiliteite, 'n tekort aan goed opgeleide onderwysers, goeie boeke, onderwys- en kommunikasiemiddele, taalproblematiek, agterstande weens die kind se geografies-fisiese gesitueerdheid en armoede.

Garbers (1980:52) bied 'n geheelbeeld van die gesitueerdheid van die milieu-benadeelde kind (insluitend die voorskoolse kind) in die vorm van 'n skematiese voorstelling. Kyk Figuur 2.1 vir hierdie voorstelling, wat aanduidend is van die armoedspiraal wat gewoonlik van geslag tot geslag voortgesit word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat elke mens uniek is, die strewe het om self iemand te wees en oor keusevryheid beskik. Dit impliseer dat die mens oor die moontlikheid beskik om uit die armoedspiraal te ontsnap en sy milieu-benadeelde situasie te bowe te kom.

**FIGUUR 2.1 : Die armoedspiraal (Garbers, 1980:52)**



## 2.6 SAMEVATTING

In die onderhawige hoofstuk is gepoog om die gesitueerdheid van die milieu-benadeelde voorskoolse kind te beskryf, ten einde 'n beeld te verkry van die leefwêreld waarin hierdie kind hom daagliks bevind.

Die milieu-benadeelde buurt is omskryf as 'n onaantreklike en verwaarloosde buurt waar verskynsels soos buurttwiste, misdaad, geweld, alkoholmisbruik en lawaai aan die orde van die dag is. Nadat 'n geheelbeeld van die omgewing waarin die milieu-benadeelde gesin hom bevind, gebied is, is die gesinsituasie in terme van pedagogiese, psigologiese en sosiale kenmerke bespreek. Kenmerkende eienskappe van die milieu-benadeelde gesinsituasie is uitgelig ten einde 'n beeld van 'n tipiese gesin in die milieu-benadeelde gemeenskap te verkry.

Voorts is die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer beskryf, ten einde as agtergrond te dien vir Hoofstuk 3, waarin verbande tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en sy opvoedingsgedrag onder die soeklig sal val.

Laastens is tipiese agterstande en kenmerke van die milieu-benadeelde voorskoolse kind bespreek, wat dan ook as agtergrond dien vir die volgende hoofstuk. Die kind se nie-skoolgereedheid, hoofsaaklik as gevolg van sy beperkte ervaring en stimulasie, is beklemtoon. Hierbenewens is ander kenmerke uitgelig, soos taalagterstande, fisiese tekorte en kognitiewe agterstande, asook die feit dat die milieu-benadeelde kind se totale ontwikkeling belemmer word deur die lewensomstandighede en milieu waarin hy hom bevind.